Die Voortrekkers

Strategiese plan 2009 - 2013



Grondslag
Omskryf die fondament waarop Die Voortrekkers bou en aktiwiteite belyn.

"God Drie-enig se openbaring aan ons deur die Bybel en die skepping"

Missie (Wese)
Beskryf wat Die Voortrekkers primêr in wese is en doen.

"*Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat die moderne Afrikaner, in besonder sy jeug, bemagtig om as positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees"*

Toekomsvisie 2020
Beskryf wat Die Voortrekkers uiteindelik wil bereik en wees.

"*Om 'n beduidende rol te speel in die bemagtiging van jong Afrikaners, om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene suksesvol te wees"*

Toekomsplan 2013
Toekomsplan 2013 is Die Voortrekkers se medium termyn visie en is belyn met die langtermyn visie (Toekomsvisie 2020). Die bereiking van Toekomsplan 2013 teen die jaar 2013, sal beteken dat ons goed oppad is met die bereiking van Toekomsvisie 2020.

"Om die voorkeur aktiwiteit buite skoolverband vir ABC jongmense te wees"

Waardes van Die Voortrekkers
Hierdie waardes is gedeelde persepsies wat ons grense definieër en ons keuses bepaal.

Moderne **A**frikanerskap
Positiewe **B**urgerskap
Konsekwente **C**hristenskap

Doelstellings van Die Voortrekkers
Die Voortrekkers se doelstellings is universele nie-kulturele, nie-geografiese beginsels waaraan ons, ons lewens anker:

1. ***om die geloof in God Drie-enige te vestig;***
2. ***om op alle terreine 'n Bybels Christelike lewe te lei;***
3. ***om die Afrikanerkultuur oor te dra en uit te bou en om ons kultuurerfenis te waardeer en te bewaar;***
4. ***om uit die verlede van die Afrikaner te neem wat goed is en daarop te bou vir die toekoms;***
5. ***om ons omgewing waar te neem, te waardeer en te bewaar;***
6. ***om tot goeie landsburgers en leiers te ontwikkel; en***
7. ***om gewoontes van oplettendheid, ondersoek, waardering, selfstandigheid, selfdissipline, diensgerigtheid en diensvaardigheid te ontwikkel***

Voortrekkerkode

Die Voortrekkerkode is eenvoudig aksiegedrewe formulerings van die 7 doelstellings:

1. **'n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.**
2. **'n Voortrekker lei 'n Christelike lewe.**
3. **'n Voortrekker aanvaar gesag.**
4. **'n Voortrekker respekteer en bevorder die taal en kultuur van die Afrikaner.**
5. **'n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.**
6. **'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.**
7. **'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.**
8. **'n Voortrekker neem leiding.**
9. **'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.**
10. **'n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.**

Strategie van Die Voortrekkers

Die Voortrekkers se strategie bestaan basies uit die bereiking van 5 strategiese doelwitte, wat as pilare dien, en op die grondslag, waardes en beginsels staan. Agter elke doelwit lê daar aksieplanne wat dit ondersteun en waaraan daar op verskillende vlakke in die Voortrekkers gewerk moet word.

Die 5 strategiese doelwitte (pilare) van die strategiese plan is die volgende:

1. ***Om `n tevrede ledekorps te ontwikkel en te behou.***
2. ***Om goeie volwasse leiers te trek, te ontwikkel en te behou.***
3. ***Om te beweeg na `n gedeelde oortuiging van wat begronding is en om alle aktiwiteite daarmee te belyn.***
4. ***Om ons finansiële posisie te versterk deur diversifisering***
5. ***Om in alle aspekte doeltreffend en effektief te wees, gemeet teen wêreldklas standaarde.***

Grondliggende werksmetode

Deur middel van die unieke spanstelsel in Die Voortrekkers word 'n besondere band oor jare tussen die volwasse leier en die jeuglede in die span gevorm. Die spanoffisier se liefde vir die Afrikanerjeug, en die dryf om dmv avontuurlike Voortrekkeraktiwiteite Die Voortrekkers se waardestelsel suksesvol by die jeug te vestig, maak hierdie beweging so suksesvol oor al die jare. Dit is juis hierdie positiewe insette in 'n jongmens se lewe wat verseker dat die gemeenskap, ruim en groothartig, Die Voortrekkers deur al die jare met raad en daad ondersteun. Dit plaas ook 'n groot verantwoordelikheid op die vowassene om deurgans moeite te doen om met alle hulpmiddels tot sy beskikking Voortrekkerwerk tot die beste van sy vermoe, kennis en vaardigheid vir die jeug aan te bied. Dit verg egter ook volgehoue deursettingsvermoë van jeuglede en hulle ouers om gereeld byeenkomste by te woon en met 'n positiewe ingesteldheid daaraan deel te neem.

Aanbieding van Voortrekkeraktiwiteite

Span aktiwiteite

In spanvergaderings, met uitstappies en kampe, fondsinsameling en gemeenskapsprojekte word die waardes van Die Voortrekkers aan die jeug oorgedra. Dit is die mees elementêre boublok wat suksesvol lei tot meer Voortrekkeraktiwiteite en betrokkenheid. Jeuglede moet die byeenkomste getrou bywoon met 'n bereidwilligheid om by Die Voortrekkers te leer.

Kommando en Oord aktiwiteite

Tydens hierdie aktwiteite word geleentheid gebied om oor die volle ouderdom spektrum met mekaar skouers te skuur en mekaar te leer ken binne die waardestelsel van Die Voortrekkers. Dit is ook 'n goeie plek waar jonger lede rolmodelle kan identifiseer en juis hierom moet senior leiers daardie voorbeeld stel.

Gebiedskampe en ander gebiedsaktiwiteite
Elke Voortrekker sal met hierdie groot kampe ervaar hoe hy/sy in persoonlike selfstandigheid en positiewe motivering groei tot ‘n mens wat vir die volle gemeenskap tot diens kan wees. Tydens hierdie groot geleenthede word daar juis oor ‘n langer periode intens met mekaar geskakel en lewenslange netwerke gevorm.

Nasionale aktiwiteite
Die unieke geleentheid om met jeug en volwasse lede regoor Suid-Afrika en Namibië met nasionale aktiwiteite te skakel binne die unieke ABC waardestelsel bind Voortrekkers aan mekaar en spoor mekaar aan tot beter diens. Om te weet dat daar ‘n groot familie is wat dieselfde waardestelsel onderhou word ‘n gevoel van “behoort aan” en “uithou,aanhou koershou” ter wille van ons almal by lede hersien en herbevestig vir volgehoue implimentering.

Stigting van beweging
Die Voortrekkers is ‘n beweging wat op 30 September 1931 formeel tot stigting gebring is nadat daar reeds sedert 1920 in ‘n aantal dorpe in Suid-Afrika met Voortrekkeraktiwiteite begin is. Na die stigting in die stadsaal van Bloemfontein is voortgegaan met die eerste inlywing van Voortrekkers deur die eerste minister voor die raadsaal. Die leuse “Hou Koers”, Voortrekkerwapen en Voortrekkervlag is met die stigting aanvaar.

Sedert stigting het Die Voortrekkers ‘n baie groot aandeel in al die belangrike feeste rondom die geskiedenis van die Afrikaner en betrokkenheid van Afrikaner in Suid-Afrika en Namibië gehad. Die Voortrekkers het sedert stigting in elke handleiding onomwonde die beweging verbind tot die Christendom, die Afrikaner en die land Suid-Afrika (Namibië) met al sy mense.

Outonome beweging
Die Voortrekkers werk graag saam met ander partye wanneer dit oor 'n verdienstelike saak gaan, die wyse waarop dié party optree vir Die Voortrekkers aanvaarbaar is en die outonomiteit van Die Voortrekkers erken word. Vir Die Voortrekkers beteken outonoom dat Die Voortrekkers as ‘n kultuurbeweging in sy handelinge, aksies, besluite en standpuntinname vry is om op te tree volgens ‘n eie begronding soos gerig deur sy grondslag, wese en doelstellings binne die raamwerk van sy Grondwet.

Kontakinligting
Webblad : www.voortrekkers.org.za
Facebook: Die Voortrekkers
Hoofkantoor: (012) 329 6011
Kaapland Gebiedskantoor: 086 122 3423
Namibië Gebiedskantoor: (00264 67) 30 4559
Transvaal Gebiedskantoor: (012) 430 3914
Vrystaat Gebiedskantoor: (057) 352 6746